1200 × 20	19 14 9	23 4 0
40 × 10	20 0 9	23 10 0
1275 × 24	26 13 6	31 10 6
1350/1400 × 20	25 12 0	30 1 0

E.—A.D.V. Tyres—	Column 1.	Column 2.
400 × 19	1 18 3	2 5 3
500 × 19	2 8 3	2 16 9
600 × 19	3 7 6	3 19 6

F.—Transport Delivery—	Column 1.	Column 2.
600 × 16	2 19 0	3 9 9
650 × 16	3 7 3	3 19 6
700 × 15	3 14 9	4 8 6
700 × 16	3 18 3	4 12 3
750 × 15	4 15 0	5 12 3
750 × 16	4 15 6	5 12 9

SECOND SCHEDULE.

MAXIMUM PRICES OF USED TYRE CASINGS.

	Each,	
	£	s. d.
Motor Car Tyres	0	10 0
Giant sizes up to and including 750 × 20	1	0 0
Giant sizes above 750 × 20	1	15 0

No. 382.]

[15th December, 1952.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF BICYCLE TYRES AND TUBES.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Frederick Viljoen Ashpole, Price Controller, do hereby, throughout the Mandated Territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay:—

1. Fix the maximum prices at which the goods specified in the Schedule hereto may be sold by a dealer—

- to any other dealer, the prices specified in column 1 of the said Schedule; and
- to any person other than a dealer, the prices specified in column 2 of the said Schedule.

2. Direct that the maximum prices specified in the said Schedule for any tyre (cover) or tube may be increased by the addition thereto of the cost necessarily incurred by the seller and any previous seller, (excluding the manufacturer) in the transportation of such tyre (cover) or tube by rail and/or road from the premises of the manufacturer thereof to that of the seller.

3. Fix the maximum charge that may be made by any person—

- for the service of fitting a tyre (cover) on tube or both to the front wheel of a bicycle at *one shilling and three pence*; and
- for the service of fitting a tyre (cover) on tube or both to the back wheel of a bicycle at *two shillings*.

4. Withdraw Government Notice No. 358 of 15th August, 1951, relating to maximum prices of bicycle tyres and tubes.

F. V. ASHPOLE,
Price Controller.

D.—Groot buitebande—	Kolom 1.	Kolom 2.
	£ s. d.	£ s. d.
825 × 20	8 10 0	10 0 0
825 × 22	8 14 6	10 5 6
900 × 16	8 2 3	9 12 0
900 × 18	8 12 9	10 4 3
900 × 20/36 × 8	9 7 9	11 1 3
900 × 22	9 13 3	11 7 9
900 × 24/40 × 8	11 9 9	13 10 3
975/1000 × 18	11 2 0	13 1 6
975/1000 × 20	11 18 6	14 1 0
975/1000 × 22	12 9 9	14 14 3
1000 × 20/38 × 9	11 16 3	13 18 9
1050/1100 × 16	10 19 3	12 17 9
1050/1100 × 20	13 2 0	15 8 6
1050/1100 × 22	13 13 6	16 2 0
1050/1100 × 24/42 × 9	19 13 3	23 4 3
1125 × 20	19 11 6	23 0 9
1125 × 24	20 18 6	24 15 6
1200 × 20	19 14 9	23 4 0
40 × 10	20 0 9	23 10 0
1275 × 24	26 13 6	31 10 6
1350/1400 × 20	25 12 0	30 1 0

E.—Dierevoertuigbande—	Kolom 1.	Kolom 2.
400 × 19	1 18 3	2 5 3
500 × 19	2 8 3	2 16 9
600 × 19	3 7 6	3 19 6

F.—Vragmotorbande—	Kolom 1.	Kolom 2.
600 × 16	2 19 0	3 9 9
650 × 16	3 7 3	3 19 6
700 × 15	3 14 9	4 8 6
700 × 16	3 18 3	4 12 3
750 × 15	4 15 0	5 12 3
750 × 16	4 15 6	5 12 9

TWEDE BYLAE.

MAKSIMUM PRYSE VAN GEBRUIKTE BUIEBANDE.

	Elk.	
	£	s. d.
Motorkarbuitebande	0	10 0
Groot buitebande tot en met 750 × 20	1	0 0
Groot buitebande bo 750 × 20	1	15 0

No. 382.]

[15 Desember 1952.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN FIETSBUIEBANDE EN -BINNEBANDE.

Ek, Frederick Viljoen Ashpole, Prysbeheer, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatregel No. 49 van 1946, bepaal hierby vir die Mandatgebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting van Walvisbaai, as volg:—

1. Die maksimum pryse waarteen die goedere in die Bylae hiervan vermeld, deur 'n handelaar verkoop mag word—

- aan 'n ander handelaar, is die pryse wat in kolom 1 van genoemde Bylae aangegee word;
- aan enigeen behalwe 'n handelaar, is die pryse wat in kolom 2 van genoemde bylae aangegee word.

2. Die maksimum pryse wat in genoemde Bylae vir 'n buite- of binneband aangegee word, kan verhoog word met die koste wat die verkoper of vorige verkoper (uitsluitende die fabrikant) noodwendig moes aangaan in verband met die vervoer daarvan per spoor en/of per pad van die perseel van die fabrikant daarvan na dié van die verkoper.

3. Die maksimum bedrag wat iemand mag vorder—

- vir die aansit van 'n buiteband of 'n binneband of albei aan die voorwiel van 'n fiets is *een sjieling en drie pennies*; en
- vir die aansit van 'n buiteband of 'n binneband of albei aan die agterwiel van 'n fiets is *twee sjielings*.

4. Goewermentskennisgewing No. 358 van 15 Augustus 1951, betreffende maksimum pryse van fietsbuitebande en -binnebande word hierby herroep.

F. V. ASHPOLE,
Prysbeheer.

NOTE.—The effect of this notice is to reduce the maximum prices of certain bicycle tyres and tubes. The reduction is due to the reduced price of camelback.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die pryse van sekere fietsbuitebande te verminder. Die vermindering is te wyte aan die verminderde prys van „camelback“.

SCHEDULE.

Description of Goods.	Size, Wired Type only. Inches.	Maximum Prices.			
		Column 1.		Column 2.	
		Tyres (Covers). £ s d	Tubes. Per Doz. £ s d	Tyres (Covers). £ d s	Tubes. Each. £ s d
CYCLE TYRES (COVERS) AND TUBES—					
1. Dunlop Cruiser	All sizes	0 7 0	—	0 8 9	—
2. Dunlop Roadster					
3. India Super Special and Super Juvenile	All sizes	0 9 6	1 17 3	0 11 9	0 4 4
4. Firestone De Luxe Champion	All sizes	0 9 6	1 17 3	0 11 9	0 4 4
5. Firestone Roadmaster	28×1½	0 9 6	1 17 3	0 11 9	0 4 4
6. India "Balloon", Oversize, to fit rim 26×1¾ inch.	26×2	0 10 9	Each.	0 13 2	0 5 0
7. Dunlop Oversize					
8. Firestone Oversize					
9. Dunlop Junior for Fairy Cycles, Perambulators, etc.	All sizes	0 7 10	0 2 11	0 9 11	0 4 1
10. Dunlop Carrier—					
To fit rim G.I.J. 12½×2¼ inches	12½×2¼	0 14 1	0 4 10	0 17 8	0 6 10
To fit rim F.2J. 14×1¾ inches	14×2×1¾	0 14 6	0 3 4	0 18 1	0 4 6
To fit rim F.4J. 18×1¾ inch.	20×2×1¾	0 18 5	0 3 4	1 2 9	0 4 6
To fit rim Oversize, F. 12, 26×1¾ inch.	26×2×1¾	0 15 10	0 3 8	0 19 6	0 5 0
11. India "Sterling"	All sizes	0 7 0	Per Dozen. 1 17 3	0 8 9	0 4 4
12. India Carrier—					
Heavy duty, to fit rim F.4J. 18×1¾ inch.	20×2×1¾	0 18 5	0 3 4	1 2 9	0 4 6
Oversize, to fit rim F. 12, 26×1¾ inch.	26×2×1¾	0 15 10	0 3 8	0 19 6	0 5 0
13. Dunlop Speed and Sports—					
Dunlop Road Racing (high pressure)	26×1¼	0 19 8	0 5 3	1 4 6	0 7 5
Dunlop Road Racing (ultra light)	27×1¼	1 0 5	0 5 3	1 5 6	0 7 5
Dunlop Sprite (two colour)	26×1¼	1 8 7	0 5 3	1 15 8	0 7 5
	27×1¼	1 8 7	0 5 3	1 15 8	0 7 5
	26×1½	0 15 7	0 5 3	0 19 5	0 7 5
	26×1¾	0 16 9	0 5 3	1 0 11	0 7 5
	27×1¼	0 16 3	0 5 3	1 0 3	0 7 5
	27×1½	0 16 11	0 5 3	1 1 1	0 7 5
Dunlop Sprite (Silver)	26×1¼	0 14 9	0 5 3	0 18 5	0 7 5
	26×1½	0 14 9	0 5 3	0 18 5	0 7 5
Dunlop Sports	27×1¼	0 14 9	0 5 3	0 18 5	0 7 5
	26×1¼	0 13 2	0 5 3	0 16 5	0 7 5
	26×1½	0 14 9	0 5 3	0 18 5	0 7 5
14. Tubular and Moulded Sprint Tyres (in 26 inches × 27 inches Nominal Diameter Rims)—	Width. Inches.				
Type Tread Patterns.					
Tubular	15/16	2 11 1	—	3 3 8	—
0 Plain	1	2 12 9	—	3 5 10	—
1 Plain	1	2 13 8	—	3 6 11	—
2 Fine Rib	1-04	2 15 0	—	3 8 7	—
3 Plain Centre Rib with Fine Side	1-04	2 15 3	—	3 8 11	—
4 Ribbed	1-11	2 15 9	—	3 9 7	—
5 Ribbed	1-11	2 15 6	—	3 9 2	—
6 Divided Rib	1-25	2 16 9	—	3 10 9	—
7 Rough File					
Moulded—					
9 File	1-11	2 4 11	—	2 16 0	—
10 Rough	1-11	2 3 3	—	2 13 11	—

BYLAE.

Beskrywing van goedere.	Grootte, slegs draadtype.	Maksimum Pryse.			
		Kolom 1.		Kolom 2.	
		Buitebande.	Binnebande. Per dos.	Buitebande.	Binnebande. Elk.
	Duim.	£ s d	£ s d	£ d s	s d
FIETSBUITEBANDE EN -BINNEBANDE—					
1. „Dunlop Cruiser”	Alle groottes	0 7 0	—	0 8 9	—
2. „Dunlop Roadster”					
3. „India Super Special” en „Super Juvenile”	Alle groottes	0 9 6	1 17 3	0 11 9	0 4 4
4. „Firestone de Luxe Champion”	Alle groottes	0 9 6	1 17 3	0 11 9	0 4 4
5. „Firestone Roadmaster”	28 × 1½	0 9 6	1 17 3	0 11 9	0 4 4
6. „India Balloon”, ekstra groot wat velling 26 × 1¾ duim pas	26 × 2	0 10 9	Elk. 0 3 8	0 13 2	0 5 0
7. „Dunlop” ekstra grootte					
8. „Firestone” ekstra grootte					
9. „Dunlop Junior” bande vir „Fairy”-fiets, kinderwaentjies, ens.	Alle groottes	0 7 10	0 2 11	0 9 11	0 4 1
10. „Dunlop Carrier”— Wat die velling G.I.J. 12½ × 2¼ duim pas	12½ × 2¼	0 14 1	0 4 10	0 17 8	0 6 10
Wat die velling F. 2 J. 14 × 1¾ duim pas	14 × 2 × 1¾	0 14 6	0 3 4	0 18 1	0 4 6
Wat die velling F. 4 J. 18 × 1¾ duim pas	20 × 2 × 1¾	0 18 5	0 3 4	1 2 9	0 4 6
Wat die volgende ekstra groot velling F. 12, 26 × 1¾ duim pas	26 × 2 × 1¾	0 15 10	Per dosyn. 0 3 8 1 17 3	0 19 6	0 5 0
11. „India Sterling”	Alle groottes	0 7 0	0 2 11	0 8 9	0 4 4
12. „India Carrier”— Swaar diens, wat velling F. 4 J. 18 × 1¾ duim pas	20 × 2 × 1¾	0 18 5	Elk. 0 3 4	1 2 9	0 4 6
Ekstra groot, wat velling F. 12, 26 × 1¾ duim pas	26 × 2 × 1¾	0 15 10	0 3 8	0 19 6	0 5 0
13. „Dunlop Speed and Sports”— „Dunlop Road Racing” (hoë druk)	26 × 1¾	0 19 8	0 5 3	1 4 6	0 7 5
„Dunlop Road Racing” (baie lig)	27 × 1¾	1 0 5	0 5 3	1 5 6	0 7 5
„Dunlop Sprite” (tweekleur)	26 × 1¾	1 8 7	0 5 3	1 15 8	0 7 5
	27 × 1¾	1 8 7	0 5 3	1 15 8	0 7 5
	26 × 1¾	0 15 7	0 5 3	0 19 5	0 7 5
	26 × 1¾	0 16 9	0 5 3	1 0 11	0 7 5
	27 × 1¾	0 16 3	0 5 3	1 0 3	0 7 5
	27 × 1¾	0 16 11	0 5 3	1 1 1	0 7 5
„Dunlop Sprite” (silver)	26 × 1¾	0 14 9	0 5 3	0 18 5	0 7 5
	26 × 1¾	0 14 9	0 5 3	0 18 5	0 7 5
„Dunlop Sports”	27 × 1¾	0 14 9	0 5 3	0 18 5	0 7 5
	26 × 1¾	0 13 2	0 5 3	0 16 5	0 7 5
	26 × 1¾	0 14 9	0 5 3	0 18 5	0 7 5
14. „Sprint”—buis en gevormde buiteband (in 26 duim × 27 duim, nominale deursnee- vellings)— Type loopvlakpatroon— Buis—	Breedte Duim.				
0 Effe	1½/16	2 11 1	—	3 3 8	—
1 Effe	1	2 12 9	—	3 5 10	—
2 Fyn riffel	1	2 13 8	—	3 6 11	—
3 Effe middelrif met fyn kant	1-04	2 15 0	—	3 8 7	—
4 Geriffel	1-04	2 15 3	—	3 8 11	—
5 Geriffel	1-11	2 15 9	—	3 9 7	—
6 Onderbroke riffel	1-11	2 15 6	—	3 9 2	—
7 Growwe vyl	1-25	2 16 9	—	3 10 9	—
Gevormde—					
9 Vyl	1-11	2 4 11	—	2 16 0	—
10 Grof	1-11	2 3 3	—	2 13 11	—

No. 383.]

[15th December, 1952. No. 383.]

[15 Desember 1952.]

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF LUCERNE AND LUCERNE MEAL.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Frederick Viljoen Ashpole, Price Controller, do hereby:—

1. Except as provided in paragraphs 2 and 3 hereof, throughout the Mandated Territory of South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, fix the maximum price at which lucerne, dried, may be sold—

- (a) by a producer to any person at 6s. 9d. per 100 lb.;
- (b) by a co-operative society to any person at 7s. 1d. per 100 lb.;

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN LUSERN EN LUSERNMEEL.

Ek, Frederick Viljoen Ashpole, Pryscontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatregel No. 49 van 1946, bepaal hierby as volg:—

1. Behalwe soos in paragrawe 2 en 3 hiervan bepaal, vir die mandaatgebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, is die maksimum prys waarteen droë lusern verkoop mag word—

- (a) deur 'n produsent aan enigeen, 6s. 9d. per 100 pond;
- (b) deur 'n koöperatiewe vereniging aan enigeen, 7s. 1d. per 100 pond;

- (c) by a dealer, who has acquired such lucerne direct from the producer thereof, to any person 7s. 1d. per 100 lb.;
- (d) by any person other than a person specified in sub-paragraphs (a), (b) or (c) hereof to any person at 7s. 7d. per 100 lb.; and
- (e) by any person other than a person specified in sub-paragraphs (a), (b) or (c) hereof to a consumer in quantities not exceeding 4,000 lb. at 7s. 10d. per 100 lb.;

provided that where any lucerne is railed to or to the order of the buyer the maximum price fixed in sub-paragraphs (a), (b), (c), (d) or (e), whichever may be applicable, shall be free on rail producer's station.

2. Fix the maximum price at which lucerne, dried, containing more than 10 per cent by weight of grass hay, other hay plants or any other foreign substance may be sold, the relevant maximum price as specified in paragraph 1 hereof less *one shilling* per 100 lb.

3. Prescribe that, as from 1st May, 1953, to 30th September, 1953, *three pence* per 100 lbs. may be added to the prices fixed in paragraphs 1 or 2 above.

4. Direct that when lucerne is purchased for resale and is resold, the actual railrage from the producer's station, not exceeding 1s. 11d. per 100 lb. may be added to the appropriate maximum price as specified above or where lucerne is purchased at the producer's premises for resale and is transported otherwise than by rail the railrage (not exceeding 1s. 11d. per 100 lb.) that would have been incurred had the lucerne been railed to the ultimate purchaser may be added to the appropriate maximum price specified above and that where lucerne is sold to a consumer, such price may be further increased by an amount calculated at the rate of *one penny* per 100 lb. per mile in respect of cartage from the premises of the reseller to those of the purchaser.

5. (1) Fix the maximum prices at which a manufacturer may sell lucerne meal to any person as follows:—

- (a) if the lucerne meal is first grade lucerne meal made from baled lucerne, at 10s. 4d. per 100 lb. bagged;
- (b) if the lucerne meal is second grade lucerne meal made from baled lucerne, at 9s. 7d. per 100 lb. bagged;
- (c) if the lucerne meal is first grade lucerne meal made from loose lucerne, at 9s. 10d. per 100 lb. bagged;
- (d) if the lucerne meal is second grade lucerne meal made from loose lucerne, at 9s. 1d. per 100 lb. bagged;

provided that the actual amount of railrage necessarily incurred by such manufacturer in respect of lucerne railed to his station for manufacturing purposes, may be added to the prices specified above.

(2) Fix the maximum price at which lucerne meal may be sold by any person other than a manufacturer thereof, to any other person at the appropriate price specified in sub-paragraph (1) hereof, plus 6d. per 100 lb. bagged;

provided that where lucerne meal is railed to or to the order of the buyer the maximum price fixed in sub-paragraph (1) or (2) hereof, whichever may be applicable, shall be free on rail manufacturer's siding or station;

provided further that where lucerne meal is sold to a consumer the foregoing maximum prices may be increased by an amount calculated at the rate of *one penny* per 100 lb. per mile in respect of cartage from the premises of the seller to that of the purchaser.

6. Direct that for the purpose of paragraph 5 hereof the expressions "first grade lucerne meal" and "second grade lucerne meal", bear the meanings assigned to them in sub-paragraph (37) of paragraph 8 of the regulations contained in the Annexure to Government Notice No. 1154 of 4th June, 1948 (Union) (Registration and Sale of Farm Feeds).

(c) deur 'n handelaar wat die lusern direk van 'n produsent verkry het, aan enigeen, 7s. 1d. per 100 pond;

(d) deur enigiemand anders as 'n persoon wat in subparagrafe (a), (b) en (c) hiervan genoem is, aan enigeen, 7s. 7d. per 100 pond; en

(e) deur enigiemand anders as 'n persoon wat in subparagrafe (a), (b) en (c) hiervan genoem is, aan 'n verbruiker in hoeveelhede van hoogstens 4,000 pond, 7s. 10d. per 100 pond;

met dien verstande dat wanneer lusern per spoor aan of aan die order van die koper versend word, die maksimum prys wat in subparagrafe (a), (b), (c), (d) of (e) vasgestel is, nl., die een wat van toepassing is, vry op spoor produsent se stasie is.

2. Die maksimum prys waarteen lusern, droog, gebaal, wat meer as 10 persent gewig grasshooi, ander hooiplante, of enige ander vreemde bestanddele bevat, verkoop mag word, is die toepaslike maksimum prys in paragraaf 1 hiervan vermeld *min een sjieling* per 100 pond.

3. Van 1 Mei 1953 tot 30 September 1953, mag *drie pennie* per 100 pond by die prys wat in paragraaf 1 of 2 hierbo vasgestel is, gevoeg word.

4. Wanneer lusern vir herverkoop aangekoop is, en herverkoop word, mag die werklike spoorvrag van die produsent se stasie van hoogstens 1s. 11d. per 100 pond by die toepaslike maksimum prys hierbo vermeld, gevoeg word, of waar lusern by die perseel van die produsent gekoop word vir herverkoop en anders as per spoor vervoer word, kan die spoorvrag (van hoogstens 1s. 11d. per 100 lb.) wat betaal sou gewees het indien die lusern per spoor aan die koper versend was, by die toepaslike maksimum prys soos hierbo aangegee, gevoeg word, en waar die lusern aan 'n verbruiker verkoop word, mag die prys verder deur 'n bedrag bereken teen 'n koers van *een pennie* per 100 lb. per myl ten opsigte van die vervoer van die perseel van die herverkoper na dié van die koper, verhoog word.

5. (1) Die maksimum prys waarteen 'n fabrikant lusernmeel aan enigeen mag verkoop, is as volg:—

- (a) Wanneer dit eerstegraadse lusernmeel is en vervaardig van gebaalde lusern, 10s. 4d. per 100 lb. in sakke;
- (b) wanneer dit tweedegraadse lusernmeel is en vervaardig van gebaalde lusern, 9s. 7d. per 100 lb. in sakke;
- (c) wanneer dit eerstegraadse lusernmeel is, vervaardig van los lusern, 9s. 10d. per 100 lb. in sakke; en
- (d) wanneer dit tweedegraadse lusernmeel is, vervaardig van los lusern, 9s. 1d. per 100 lb. in sakke;

met dien verstande dat die werklike spoorvrag, noodsaaklik deur die fabrikant betaal ten opsigte van lusern wat per spoor na sy stasie vir vervaardigingsdoeleindes versend is, by die prys wat hierbo aangegee word, gevoeg mag word.

(2) Die maksimum prys waarteen lusernmeel deur enigeen uitgesonderd 'n fabrikant daarvan aan iemand anders verkoop mag word, is die toepaslike prys soos aangegee in subparagraaf (1) hiervan, plus 6d. per 100 lb. in sakke;

met dien verstande dat, wanneer lusernmeel per spoor of aan die order van die koper versend word, die maksimum prys wat in subparagraaf (1) of (2) hiervan vasgestel is, watter een ook al van toepassing is, vry op spoor fabrikant se halte of stasie is;

met dien verstande verder dat wanneer lusernmeel aan 'n verbruiker verkoop word, bogenoemde maksimum prys met 'n bedrag bereken teen *een pennie* per 100 lb. per myl verhoog mag word ten opsigte van vervoer van die perseel van die verkoper na dié van die koper.

6. Vir die toepassing van paragraaf 5 hiervan is die uitdrukkinge „erstegraadse lusernmeel” en „tweedegraadse lusernmeel” dié soos omskryf in subparagraaf (37) van paragraaf 8 van die regulasies vervat in die Aanhangel van Goewermentkennisgewing No. 1154 van 4 Junie 1948 (Unic) (Registrasie en Verkoop van Veevoer).

7. Direct that notwithstanding anything contained in Government Notice No. 35 of 29th January, 1951, relating to the maintenance of records of costs and prices every manufacturer of lucerne meal shall maintain in either of the official languages such records as will permit of the ready and accurate ascertainment of—

- (a) the purchase price to him of lucerne purchased by him for the purpose of manufacturing or processing lucerne meal and the name and address of the seller to him of such lucerne; and
- (b) the actual amount of railage necessarily incurred by him in respect of lucerne purchased by him for the purpose of manufacturing or processing lucerne meal.

8. Direct that a manufacturer who is required to keep records as specified in paragraph 7 of this Notice shall preserve such records for a period of at least five years from the date of purchase of such lucerne.

9. Withdraw Government Notices Nos. 92 of 29th January, 1951, 295 of 15th October, 1952, and 361 of 1st December, 1952, relating to the maximum prices of lucerne and lucerne meal.

F. V. ASHPOLE,
Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to increase the maximum prices of lucerne meal by 3d. per 100 lb. and to consolidate the existing notices relating to lucerne and lucerne meal.

No. 384.] [15th December, 1952.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (2) of Section *nine* of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937), to appoint the member of the South African Police Force mentioned in Part I of the Schedule hereto to be an "Examining Officer" for the purpose of testing the competency of applicants for licences to drive motor vehicles, and to cancel the designation as "Examining Officer" of the member of the South African Police Force, mentioned in Part II of the said Schedule.

SCHEDULE.

Part I.

KOES:
No. 20389 (M) 2/Sergt. CHRISTIAAN LODEWIKUS MOOLMAN.

Part II.

KOES:
No. 19473 (M) 2/Sergt. J. H. BENADE.

No. 385.] [15th December, 1952.

Under sub-section (1) of Section *twenty-one* of the Motor Vehicle and Wheel Tax Ordinance, 1937 (Ordinance No. 17 of 1937), I, ALBERTUS JOHANNES ROUX VAN RHIJN, Administrator of South West Africa, do hereby appoint the member of the South African Police Force mentioned in Part I of the Schedule hereto as a "Motor Vehicle Authority", and cancel the designation as "Motor Vehicle Authority" of the member of the South African Police Force mentioned in Part II of the Schedule hereto.

Dated at Windhoek this 24th day of November, 1952.

A. J. R. VAN RHIJN,
Administrator.

SCHEDULE.

Part I.

KOES:
No. 20389 (M) 2/Sergt. CHRISTIAAN LODEWIKUS MOOLMAN.

Part II.

KOES:
No. 19473 (M) 2/Sergt. J. H. BENADE.

7. Ondanks enigiets vervat in Goewermentskennisgewing 35 van 29 Januarie 1951, wat betrekking het op die hou van registers van koste, moet 'n fabrikant van lusernmeel die registers op so 'n wyse in een van die amptelike tale hou dat daar deur middel daarvan gereedlik en presies vasgestel kan word—

- (a) die koopprys van lusern deur hom gekoop met die doel om lusernmeel te vervaardig of te verwerk, en die naam en adres van die verkoper van die lusern aan hom; en
- (b) die werklike bedrag van die spoorvrag noodsaaklik deur hom betaal ten opsigte van lusern deur hom gekoop met die doel om lusernmeel te vervaardig of te verwerk.

8. 'n Fabrikant wat registers moet hou soos vermeld in paragraaf 7 van hierdie kennisgewing moet die registers bewaar vir 'n tydperk van minstens 5 jaar vanaf die datum van aankoop van sodanige lusern.

9. Goewermentskennisgewings Nos. 92 van 29 Januarie 1951, 295 van 15 Oktober 1952 en 361 van 15 Desember 1952 betreffende maksimum pryse van lusern en lusernmeel word hierby herroep.

F. V. ASHPOLE,
Pryskontroleur.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die maksimum pryse van lusernmeel met 3d. per 100 lb. verhoog word en dat die bestaande kennisgewings betreffende lusern en lusernmeel gekonsolideer is.

No. 384.] [15 Desember 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikel (2) van artikel *nege* van die Ordonnansie op Motorvoertuie en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937) die lid van die Suid-Afrikaanse Polisie mag genoem in Deel I van die Bylae hiervan aan te stel as „Ondersoeksbeampte” vir die doel om ondersoek te doen na die bevoegdheid van applikante vir lisensies om motorvoertuie te bestuur en om die benoeming as „Ondersoeksbeampte” van die lid van die Suid-Afrikaanse Polisie mag genoem in Deel II van genoemde Bylae te herroep.

BYLAE.

Deel I.

KOES:
No. 20389 (B) 2/Serst. CHRISTIAAN LODEWIKUS MOOLMAN.

Deel II.

KOES:
No. 19473 (B) 2/Serst. J. H. BENADE.

No. 385.] [15 Desember 1952.

Ingevolge sub-artikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Ordonnansie op Motorvoertuie en Wielbelasting 1937 (Ordonnansie 17 van 1937), stel ek, ALBERTUS JOHANNES ROUX VAN RHIJN, Administrateur van Suid-wes-Afrika, hiermee die lid van die Suid-Afrikaanse Polisie mag, genoem in Deel I van die Bylae hiervan, aan as 'n „Motorvoertuigoutoriteit”, en herroep die benoeming as „Motorvoertuigoutoriteit”, van die lid van die Suid-Afrikaanse Polisie mag, genoem in Deel II van die Bylae hiervan.

Gedateer te Windhoek op hede die 24ste dag van November 1952.

A. J. R. VAN RHIJN,
Administrateur.

BYLAE.

Deel I.

KOES:
No. 20389 (B) 2/Serst. CHRISTIAAN LODEWIKUS MOOLMAN.

Deel II.

KOES:
No. 19473 (B) 2/Serst. J. H. BENADE.

No. 386.]

[15th December, 1952.

MUNICIPALITY OF AUS.
CURFEW REGULATIONS.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (1) of section *twenty-seven* of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation No. 56 of 1951), to declare that no native shall be in any public place within the area controlled by the Municipality of Aus between the hours of 9.0 p.m. and 4.0 a.m. unless such native be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorised by such employer to issue such permit to such native or by some person authorised by the Municipality or the Administrator to issue such permits or by the officer in charge of the Aus Police Station. Every such permit shall bear the date of issue thereof and shall be produced for examination on demand made by any peace officer or authorised officer.

No. 387.]

[15th December, 1952.

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN.
AMENDMENT OF STREET AND TRAFFIC
REGULATIONS.

The Street and Traffic Regulations of the Municipality of Grootfontein are hereby amended as follows:—

- (a) By the addition of the following new regulation immediately after Regulation 105:—

„105 bis. For the purpose of these regulations all such streets as are defined in Schedule „B” are hereby declared to be stop streets.”

- (b) By the addition of the following new schedule immediately after Schedule „A”:—

SCHEDULE „B”.
STOP-STREETS.

- (1) Gauss Street entering Kaiser Wilhelm Street — Both Sides.
- (2) Gauss Street entering Bernhard Street — North Side.
- (3) Bismarck Street entering Goethe Street — Both Sides.
- (4) Bismarck Street entering Kaiser Wilhelm Street — Both Sides.
- (5) Courtney-Clarke Road entering Bernhard Street — South Side.
- (6) Bernhard Street entering Bahnhof Street — East Side.

No. 388.]

[15th December, 1952.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *fourteen* of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance No. 16 of 1937), to approve of the undermentioned amendment to the regulations published under Government Notice No. 280 of the 1st October, 1946, as amended by Government Notice No. 211 of the 1st July, 1947, Government Notice No. 175 of the 1st July, 1949, and Government Notice No. 218 of the 1st September, 1951.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD AREA OF BETHANIE.
AMENDMENT OF REGULATIONS RELATING TO THE
KEEPING OF ANIMALS.

(a) Regulation 2 is hereby repealed and substituted by the following new regulation:—

No. 386.]

[15 Desember 1952.

DIE MUNISIPALITEIT AUS.
AANDKLOK-REGULASIES.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by sub-artikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951), te verklaar dat geen inboorling gedurende die ure 9 n.m. en 4 v.m. op 'n openbare plek binne die gebied onder die beheer van die Munisipaliteit Aus mag verkeer nie, tensy sodanige inboorling 'n skriftelike permit by hom dra wat onderteken is deur sy werkgewer of werkgewersgemagtigde of Munisipalegemagtigde of Administrateursgemagtigde of deur die bevelhebber van die Aus Polisies-tasie. Elke sodanige permit moet die dag van uitreiking aangee, en vermeld vir watter dag en ure dit bedoel is, en moet op aanvraag van 'n vredesbeampte of ander gemagtigde ter ondersoek vertoon word.

No. 387.]

[15 Desember 1952.

DIE MUNISIPALITEIT GROOTFONTEIN.
WYSIGING VAN STRAAT- EN VERKEERSREGULASIES.

Die Straat- en Verkeersregulasies van die Munisipaliteit Grootfontein word hierby as volg gewysig:—

- (a) Deur die volgende nuwe regulasie onmiddellik na Regulasie 105 toe te voeg:—

„105 bis. Vir die doel van hierdie regulasies word alle strate in Bylae „B” omskrywe tot stopstrate verklaar.”

- (b) Deur die volgende nuwe bylae onmiddellik na Bylae „A” toe te voeg:—

BYLAE „B”.
STOPSTRATE.

- (1) Waar Gausstraat by Kaiser Wilhelmstraat aansluit — Weerskant.
- (2) Waar Gausstraat by Bernhardstraat aansluit — Noordekant.
- (3) Waar Bismarckstraat by Goethestraat aansluit — Weerskant.
- (4) Waar Bismarckstraat by Kaiser Wilhelmstraat aansluit — Weerskant.
- (5) Waar Courtney-Clarkeweg by Bernhardstraat aansluit — Suidekant.
- (6) Waar Bernhardstraat by Bahnhofstraat aansluit — Oostekant.

No. 388.]

[15 Desember 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *veertien* van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie 16 van 1937), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 280 van 1 Oktober 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing 211 van 1 Julie 1947, Goewermentskennisgewing 175 van 1 Julie 1949 en Goewermentskennisgewing 218 van 1 September 1950.

DORPSBESTURGEDEBIE BETHANIE.
WYSIGING VAN REGULASIES BETREFFENDE DIE
AANHOU VAN DIERE.

(a) Regulasie 2 word hierby herroep en vervang met die volgende nuwe regulasie:—

- "2. (i) No person shall be allowed to keep or graze any large or small stock within the Village Management Board Area, unless in possession of a grazing licence issued to him by the Board.
- (ii) In accordance with the provisions of these regulations, an owner or occupier of an erf or premises may graze large and small stock on the commonage subject to payment in advance of the following fees:—
- (a) For large stock 1/- per head per month for any number up to and including 8, thereafter 1/6 per head per month.
- (b) For small stock 10/- per 100 head or portion thereof per month up to and including 200 head, thereafter £1.10.0 per 100 head or portion thereof per month."
- (b) The following new Regulation is inserted immediately after Regulation 13:—

"14. The Board may appoint a ranger with authority to enforce the provisions of these regulations."

No. 389.] [15th December, 1952.

MARRIAGE OFFICERS: APPOINTMENT AS.

The Administrator has been pleased, in terms of subsection (2) of section five of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation No. 31 of 1920), to approve of the appointment of Reverend Lazarus J. Haihambo, Reverend Theophilus Hingasikuka Hamutumbanga and Reverend Gabriel Hijalua Namueja of the Church of the Province of South Africa, as Marriage Officers for South West Africa, for the solemnization of Native Marriages, with effect from the 15th December, 1952.

No. 390.] [15th December, 1952.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section fourteen of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance No. 16 of 1937), to approve of the undermentioned amendment to the regulations published under Government Notice No. 56 of the 4th March, 1930.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD WARMBAD.

AMENDMENT OF LOCAL REGULATIONS.

Regulation 47 (b) is hereby amended by the deletion of the words "five shillings" and the substitution of the words "twenty shillings" therefor.

No. 391.] [15th December, 1952.

The Administrator has been pleased, in terms of section 58 of Ordinance 16 of 1930, to approve of the undermentioned fees for the state-aided hospital at Outjo:—

Private Ward	— adult	£1 per day.
	— child	£1 per day.
Semi-private ward	— adult	16/6 per day.
	— child	16/6 per day.
General Ward	— adult	12/6 per day.
	— child	8/9 per day.

Full applicable fees for anyone staying in hospital to be with patient (i.e. Parent with child or vice versa).

<i>Theatre Fees:</i>	Major operation	£2.2.0.
	Minor operation	£1.1.0.

Confinement Fees: £1.1.0.

Sundries: In cases where medicines, drugs, medical supplies such as cotton wool, dettol, etc., are used, an overall charge for "Sundries" for the period of the patient's stay in hospital of — 10/-.

"2. (i) Niemand mag enige groot- of kleinvee binne die Dorpsbestuurgebied aanhou of inbring nie, tensy hy in besit is van 'n weilensensie deur die Raad aan hom uitgereik.

(ii) Ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies mag 'n eienaar of bewoner van 'n erf of perseel groot- en kleinvee op die Dorpsgronde laat wei onderworpe aan die vooruitbetaling van die volgende weigelde:—

(a) Vir grootvee 1/- per kop per maand vir enige aantal tot en met 8 stuks, daarna 1/6 per kop per maand.

(b) Vir kleinvee 10/- per 100 of gedeelte daarvan per maand tot en met 200, daarna £1.10.0 per 100 of gedeelte daarvan per maand."

(b) Die volgende nuwe regulasie word onmiddellik na Regulasie 13 ingevoeg:—

"14. Die Raad kan 'n opsigter aanstel wat gemagtig is om die bepalings van hierdie regulasies toe te pas."

No. 389.] [15 Desember 1952.

HUWELIKSAMPTENARE: BENOEMING TOT.

Dit het die Administrateur behaag om ooreenkomstig subartikel (2) van artikel vyf van "De Huweliksvoltrekkings Proklamasie 1920" (Proklamasie No. 31 van 1920), sy goedkeuring te heg aan die benoeming van Eerwarde Lazarus J. Haihambo, Eerwarde Theophilus Hingasikuka Hamutumbanga en Eerwarde Gabriel Hijalua Namueja van die Kerk van die Provinsie van Suid-Afrika, tot Huweliksamptenare vir Suidwes-Afrika vir die voltrekking van huwelike van Naturelle, met ingang van 15 Desember 1952.

No. 390.] [15 Desember 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel veertien van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie 16 van 1937), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewernementskennisgewing 56 van 4 Maart 1930.

DORPSBESTUURRAAD WARMBAD.

WYSIGING VAN PLAASLIKE REGULASIES.

Regulasie 47 (b) word hierby gewysig deur die woorde „vyf sjielings" te skrap en te vervang met die woorde „tuintig sjielings".

No. 391.] [15 Desember 1952.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens artikel 58 van Ordonnansie 16 van 1930, die volgende fooië by die Staats-ondersteunde hospitaal te Outjo goed te keur:—

Privaatsaal	— volwassene	£1 per dag.
	— kind	£1 per dag.
Semi-privaatsaal	— volwassene	16/6 per dag.
	— kind	16/6 per dag.
Algemene saal	— volwassene	12/6 per dag.
	— kind	8/9 per dag.

Volle fooië van toepassing vir enigeen wat in Hospitaal woon om by pasiënt te wees (d.w.s. ouers by kind of omgekeerd).

<i>Teaterfooië</i>	— Groter operasie	£2.2.0.
	— Kleiner operasie	£1.1.0.

Fooi vir bevallings — £1.1.0.

Diverse: In gevalle waar medisyne, verdowningsmiddels, mediese voorrade soos watte, dettol, ens., gebruik word, 'n algemene fooi vir „Diverse" vir die tydperk van die pasiënt se verblyf — 10/-.

No. 392.]

[15th December, 1952.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sections *five, seven and eight* of the Electric Power Proclamation, 1922 (Proclamation No. 4 of 1922), as amended by section *three* of the Electric Power Proclamation Amendment Proclamation, 1927 (Proclamation No. 27 of 1927), read with sections *one hundred and sixty and one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance No. 3 of 1949), to amend the Electricity Supply Regulations, as applied to the Municipalities of Grootfontein, Otjiwarongo, Gobabis, Outjo, Mariental and Walvis Bay by Government Notice No. 463 of the 1st December, 1951, by the insertion of the word "Karasburg" between the words "Mariental" and "and" where they appear in the preamble and the heading of the aforementioned Government Notice.

No. 393.]

[15th December, 1952.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sections *five, seven and eight* of the Electric Power Proclamation, 1922 (Proclamation No. 4 of 1922), as amended by section *three* of the Electric Power Amendment Proclamation, 1927 (Proclamation No. 27 of 1927), read with sections *one hundred and sixty and one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance No. 3 of 1949), and for the purpose of Regulation No. 43 (b) published under Government Notice No. 463 of 1951, as amended, to apply the undermentioned Tariff of Fees and Charges to the Municipal area of Karasburg.

MUNICIPALITY OF KARASBURG.

TARIFF OF FEES AND CHARGES RELATING TO THE SUPPLY OF ELECTRICITY.

1. (A) *Lighting.* (Applicable to any type of consumer):
 - 15/- minimum for 7 units.
 - 1/- per unit in excess of 7 units.
- (B) *Combined rate.* (Domestic, covering Hotels, Hostels, Hospitals, Cafes, etc., on condition that such premises have no single electrical appliance in use in excess of 2,000 watts loading or on aggregate of 4,000 watts, the lighting installation excepted):
 - 20/- minimum on the basis of 5/- per living room for which 2 units are given.
 - 6d. per unit living room from 3—13 units.
 - 4d. per unit thereafter.

For the purpose of this tariff, a "living room" shall include all the rooms in a dwelling except passages, bathrooms, kitchens, stoeps, small pantries and lavatories. Large enclosed floor-spaces shall be treated as one living-room in respect of each 250 square feet or part thereof contained in the floor space.
- (C) *Industrial Power* (restricted between hours 6 a.m. and 6 p.m.):
 - 8/6 per installed horse power or part thereof.
 - 5d. per unit for the first 200 units.
 - 3d. per unit thereafter.

The monthly minimum shall be the H.P. charge with a minimum of 10/-.
- (D) *Power* (unrestricted time service for bioscopes and all intermittent power users). 10/- per H.P. installed or part thereof service charge with a—
 - 15/- minimum charge.
 - 6d. per unit for the first 200 units.
 - 4d. per unit thereafter.
- (E) *S.A.R. and H.:*
 - £10.0.0 minimum.
 - 6d. per unit for all current consumed.
- (F) *Street lighting* (including maintenance and repairs):
 - £7.0.0 per annum per street light.

No. 392.]

[15 December 1952.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikels *vyf, sewe en agt* van die „Elektriese Kracht Proklamatie 1922” (Proklamasie 4 van 1922), soos gewysig by artikel *drie* van die Elektrisiteitsproklamasie-Wysigingsproklamasie 1927 (Proklamasie 27 van 1927), gelees met artikel *eenhonderden-sestig* en *eenhonderd nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949), die Regulasies op Elektrisiteitslewering, soos toegepas op die Munisipaliteite van Grootfontein, Otjiwarongo, Gobabis, Outjo, Mariental en Walvisbaai by Goewermentskennisgewing 463 van 1 Desember 1951, te wysig deur die woord „Karasburg” tussen die woorde „Mariental” en „en” in te voeg waar dit voorkom in die aanhef en die opskrif van gemelde Goewermentskennisgewing.

No. 393.]

[15 Desember 1952.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikels *vyf, sewe en agt* van die „Elektriese Kracht Proklamatie 1922” (Proklamasie 4 van 1922), soos gewysig by artikel *drie* van die Elektrisiteitsproklamasie-Wysigingsproklamasie 1927 (Proklamasie 27 van 1927) saamgelees met artikels *eenhonderden-sestig* en *eenhonderd nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949), die onderstaande aanslagtarief in die munisipale gebied van Karasburg, toe te pas vir die doeleindes van regulasie 43 (b) wat bekendgemaak is by Goewermentskennisgewing 463 van 1951, soos gewysig.

DIE MUNISIPALITEIT KARASBURG.

AANSLAGTARIEF OP ELEKTRISITEITSLIEWERING.

1. (A) *Verligting* (toepaslik op enige soort verbruiker):
 - 15/- minimum vir 7 eenhede.
 - 1/- per eenheid vir meer as 7 eenhede.
- (B) *Saamgestelde tarief.* (Huishoudelik, bedek Hotelle, Hostelle, Hospitale, Kafes, ens., op voorwaarde dat sodanige persele nie een enkele elektriese toestel in gebruik het van meer as 2,000 watt vrag of 'n versameling van 4,000 watt, gewone huisverligting uitgesonderd):
 - 20/- minimum op die basis van 5/- per woonkamer waarvoor 2 eenhede toegestaan is.
 - 6d. per eenheid per woonkamer van 3—13 eenhede.
 - 4d. per eenheid daarna.

By die toepassing van hierdie tarief, omvat „woonkamer” elke kamer in die woonhuis buiten gange, badkamers, kombuise, stoepe, kleinere spense en eenakshuise. By groot onsluite vloerruimtes word elke vloeroppervlakte van 250 vierkante voet of deel daarvan wat deur sodanige vloerruimtes opgeneem word, beskou as een woonkamer.
- (C) *Nywerheidskrag* (beperk tussen die ure 6 v.m. en 6 n.m.):
 - 8/6 per ingerigte perdekrug of 'n gedeelte daarvan.
 - 5d. per eenheid vir die eerste 200 eenhede.
 - 3d. per eenheid daarna.

Die maandelikse minimum sal die perdekrug-fooie met 'n minimum van 10/- wees.
- (D) *Krag* (onbeperkte diens vir bioskope en alle afwisselende kragverbruikers):
 - 10/- per ingerigte perdekrug of 'n gedeelte daarvan met 'n 15/- minimum fooi.
 - 6d. per eenheid vir die eerste 200 eenhede.
 - 4d. per eenheid daarna.
- (E) *S.A.S. en H.:*
 - £10 minimum.
 - 6d. per eenheid vir alle verbruikte stroom.
- (F) *Straatverligting* (met inbegrip van instandhouding en herstelwerk):
 - £7.0.0 per jaar per straatlig.

2. (a) Connection fee to cover cost to Council of Service (external connection) shall be as follows:—
 Single phase connection £5 0 0 minimum.
 Two phase connection £6 10 0 minimum.
 Three phase connection £8 0 0 minimum.
- (b) Connection fee for reconnection after disconnection at consumer's request, or for non-payment of accounts, or in case of a defective installation 10/6.
- (c) Special Meter reading 10/6.
- (d) Replacement of blown Municipal fuses 2/6 each. Any other fuses 1/- each.
- (e) Deposit for meter testing £1.10.0.

2. (a) Aansluitingsgeld om Raadskoste vir buitenhuise diensaansluiting te dek, sal as volg wees:—
 Eenfasige aansluiting £5 0 0 minimum.
 Tweefasige aansluiting £6 10 0 minimum.
 Driefasige aansluiting £8 0 0 minimum.
- (b) Aansluitingsgeld vir heraansluiting na afsluiting op Verbruiker se versoek, of vir wanbetaling van rekenings, of by gebrekkige inrigting — 10/6.
- (c) Spesiale meterlesing — 10/6.
- (d) Vervanging van uitgebrande munisipale sekerings 2/6 clk. Enige ander sekerings 1/- clk.
- (e) Deposito vir Metertoetsing £1.10.0.

No. 394.] [15th December, 1952.

It is hereby notified for general information in terms of Section 13 of the Crown Land Disposal Ordinance, 1903 (Transvaal), as amended and applied to the Territory of South West Africa, that farm SARAH No. 355, situate in the district of KEETMANSHOOP, has been reserved for railway purposes in terms of Section 12 (3) of the said Ordinance.

No. 394.] [15 Desember 1952.

Dit word hierby vir algemene inligting bekend gemaak dat ooreenkomstig artikel 13 van die „Crown Land Disposal“ Ordonnansie 1903 (Transvaal), soos gewysig, en op die Gebied van Suidwes-Afrika toegepas, plaas SARAH No. 355, geleë in die distrik KEETMANSHOOP, vir spoorwegdoeleindes gereserveer is ooreenkomstig artikel 12 (3) van gemelde Ordonnansie.

No. 395.] [15th December, 1952.

ESTABLISHMENT OF A POUND AT KLEIN OTAVI:
 DISTRICT OF GROOTFONTEIN.

The Administrator has been pleased, in terms of section four of the Trespass of Animals Ordinance, 1939 (Ordinance No. 16 of 1939), to approve of the establishment of a Pound at Klein Otavi in the district of Grootfontein, and of the appointment of Mr. A. A. Westley as Poundmaster thereof, with effect from the 1st January, 1953.

No. 395.] [15 Desember 1952.

OPRIGTING VAN 'N SKUT TE KLEIN OTAVI:
 DISTRIK GROOTFONTEIN.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel vier van die Ordonnansie op die Oortreding van Diere 1939 (Ordonnansie No. 16 van 1939), die oprigting van 'n Skut te Klein Otavi in die distrik Grootfontein, en die benoeming van Mnr. A. A. Westley tot Skutmeester daarvan, goed te keur, met ingang vanaf 1 Januarie 1953.

No. 396.] [15th December, 1952.

MARRIAGE OFFICER: APPOINTMENT AS.

The Administrator has been pleased, in terms of subsection (2) of section five, of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation No. 31 of 1920), to approve of the appointment of Reverend Pieter Jacobus van Jaarsveld as a Marriage Officer for the solemnization of a marriage at Karasburg, district Warmbad, on the 23rd of December, 1952.

No. 396.] [15 Desember 1952.

HUWELIKSAMPTENAAR: BENOEMING TOT.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig sub-artikel (2) van artikel vyf van „De Huweliksvoltrekking Proklamasie 1920“ (Proklamasie No. 31 van 1920), sy goedkeuring te heg aan die benoeming van Weleerwaarde Pieter Jacobus van Jaarsveld tot Huweliksamptenaar vir die voltrekking van 'n huwelik te Karasburg, distrik Warmbad, op 23 Desember 1952.

No. 397.] [15th December, 1952.

MARRIAGE OFFICER: APPOINTMENT AS.

The Administrator has been pleased, in terms of subsection (2) of section five, of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation No. 31 of 1920), to approve of the appointment of Reverend Andrew S. Benecke of the Dutch Reformed Church, Violsdrift, as a Marriage Officer for South West Africa, with effect from the 15th December, 1952.

No. 397.] [15 Desember 1952.

HUWELIKSAMPTENAAR: BENOEMING TOT.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig sub-artikel (2) van artikel vyf van „De Huweliksvoltrekkings Proklamasie 1920“ (Proklamasie No. 31 van 1920), sy goedkeuring te heg aan die benoeming van Weleerwaarde Andrew S. Benecke van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Violsdrift, tot Huweliksamptenaar vir Suidwes-Afrika, met ingang van 15 Desember 1952.

No. 2858 (Union).] [12th December, 1952.

AMENDMENTS TO THE REGULATIONS FOR THE
 SOUTH AFRICAN POLICE.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the powers vested in him by Section ten of the Police Act, 1912 (Act No. 14 of 1912), to approve of the following amendments to the Regulations for the South African Police promulgated under Government Notice No. 3250 of 1951, as amended:—

No. 2858 (Unic).] [12 Desember 1952.

WYSIGINGS VAN DIE REGULASIES VIR DIE
 SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

Dit het sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel tien van die Politiewet, 1912 (Wet No. 14 van 1912), sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysigings van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie wat by Goewermentskennisgewing No. 3250 van 1951, soos gewysig, afgekondig is:—

Regulation 3 (1) (a). — Delete the whole, as amended, and substitute the following:—

- (a) *European — Officers.*
 The Commissioner of the South African Police:
 Major-General.
 Assistant Commissioner Brigadier
 Deputy Commissioner Colonel or Lieutenant-Colonel
 Chief Inspector Major
 Inspector Captain
 Sub-Inspector Lieutenant

APPENDIX B.

(a) *Commissioned Officers.*

Delete the whole and substitute the following:—

The Commissioner of the South African Police: £2,300 per annum.

Assistant Commissioner: £1,650 per annum.

Deputy Commissioner: £1,150 per annum, rising by annual increments of £50 to £1,300 per annum, provided that the Deputy Commissioners permanently in command of the Witwatersrand Police Division, Cape Western Police Division, Transvaal Police Division, Natal Police Division and the Deputy Commissioners permanently appointed Deputy Commissioner (Headquarters) and Senior Staff Officer to the Assistant Commissioner, Criminal Investigation Branch respectively, shall be remunerated on the scale £1,300 per annum, rising by annual increments of £50 to £1,500 per annum.

Chief Inspector: £870 per annum, rising by annual increments of £40 to £950 and one increment of £50 to £1,000 per annum.

Inspector: £750 per annum, rising by annual increments of £40 to £870 per annum.

Sub-Inspector: £660 per annum, rising by annual increments of £30 to £750 per annum.

Regulasie 3 (1) (a). — Skrap dit in sy geheel, soos gewysig, en vervang dit deur:—

- (a) *Blankes — Offisiere.*
 Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie:
 Generaal-majoor.
 Assistent-kommissaris Brigadier
 Adjunk-kommissaris Kolonel of Luitenant-kolonel
 Hoofinspekteur Majoor
 Inspekteur Kaptein
 Onderinspekteur Luitenant

AANHANGSEL B.

(a) *Offisiere.*

Skrap dit in sy geheel en vervang dit deur:—

Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie: £2,300 per jaar.

Assistent-kommissaris: £1,650 per jaar.

